sy visum te hernu en fondse in te samel. Onder voogskap van **dia-Logos** hoop hy om binnekort daarheen terug te keer. Jacobus moedig jongmense aan om hom daar te kom bystaan, al is dit net vir 'n paar weke.
(R3,000/maand)

Danie en Esther van Niekerk werk in Macedonië. Ons onderneem om hulle vanjaar te ondersteun met R3,000 per maand. Hul grootste projek of uitdaging vir 2024 is om die plot wat hy en sy Amerikaanse kollega kon aankoop verder te ontwikkel. Saam met kweekhuise en 'n melkery (wat hul reeds gevestig het) wil hul meer doen om honger mense te kan voed. Hul hoop ook om die plot beskikbaar te stel vir 'n instansie wat 100 volwassenes versorg wat in verskillende grade van gestremdheid is. Daarvoor sal hul helpers nodig hê wat op die plot sal moet bly.
Nog 'n uitdaging : hulle wil 'n heenkome bied vir mense wat ronddwaal - mense wat n probleem het met die kerk, en die mense waarmee die kerk 'n probleem het. Die geweldige behoeftes van die mense om hul raak hul diep: die Here is besig om hul roeping ook vir hierdie mense te vergroot.

Ten slotte begroot ons ook vir die volgende uitgawes:
*uitgawes t.o.v. Getuienissondag;
*moontlike sprekers van buite
*noodfonds en sendingprojekte.

Spurgeon som God se opdrag om sáám met Hom te werk so mooi op:**"It is the whole job of the whole church to preach the whole gospel to the whole world."** Laat elkeen van ons

BID!
* ***BETROKKE RAAK!***
* ***BYDRA!***

Mag ons ons Vader in en deur ons gehoorsaamheid verheerlik!

Ds. Henri
Eric Loubser (voors, uittredend)
Herman van Huyssteen (onder-voors)
Hennie en Mareta Lombard
Hannes en Helen Terblanche
Elna Robbertse
Henk Brits

Sendingrekening: **GO NG Kerk Mosselbaai ABSA spaar 9305467263 takkode 632005**

GELOOF IN AKSIE **Mosselbaai Moedergemeente**

Ons geloofsoffers aan die werk… Februarie 2024

SENDINGSONDAG!! GETUIENISSONDAG!!

God is aan die werk! Die Woord herinner ons sedert die skepping daaraan dat God Drie-Enig aktief aan die werk is. Deur die hele Ou Testament sien ons God se hand in individue se lewens én in Israel en die nasies se om-wentelinge. Die geskiedenis van die wêreld is God se handelinge met die wêreld. En waar mense deur God aangeraak is, het hul saam met God gewerk. Jesus het vir sy dissipels gesê: "**My Vader is tot nou toe aan die werk, en Ek is ook aan die werk"** (Joh.5:17 en **"Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook"** (Joh.20:21).



Wie in Hom glo, word deel van sy liggaam: sy hande en sy voete, sy mond, sy hart, sy denke… In hierdie verworde wêreld het elke gelowige 'n spesifieke opdrag. Ons einddoel: om sy koninkryk te laat kom, sy Naam te eer, sy wil te doen.

WAT MAAK ONS DAARMEE VANDAG?
Waarvoor word ons **geloofsoffer**s aangewend? Jou bydrae help o.a dat die volgende **sendingprojekte** kan voortgaan.

Arbeidsbediening: Pierrié Lamprecht is al jare lank die hoof van hierdie bediening in die wyer Mosselbaaigebied. Saam met 'n werkersgroep uit verskillende denominasies bedien hulle werkers by hul werksplek. Van ons lidmate is ook aktief hierby betrokke. ('n honorarium aan **Pierrié Lamprecht en Griet Boshoff**, gesamentlik R5,000/maand)

Bybelverspreiding: "En hoe kan hulle in iemand glo van wie hulle nie gehoor het nie?" (Rom.10) Al die geld wat ons **met spesiale deurkollektes en met Manna-Munte** insamel, word hiervoor aangewend. Manne-Munte-botteltjies

is by al die deure en by die kerkkantoor beskikbaar (neem een en maak vol; bring terug en neem weer 'n leë…) Bybels vir 'n verdienstelike saak is by die kerkkantoor beskikbaar. Twee maal per jaar word **uitreike na taxi's** gereël. Hierdie uitreike staan onder leiding van Hennie en Mareta Lombard. Kom saam op die volgende Bybeluitreik en ervaar eerstehands die vreugde van sommige volwassenes wat 'n Bybel ontvang; dis hartverwarmend! Vir die **Taxi-bediening** begroot ons 2 maal per jaar R1,800 om Bybels vir die uitreik aan te koop.

FEBA-radio en INContext. Albei hierdie sendingorganisasies bedien die evangelie met gelowiges in die vervolgde kerk, of daar waar ons gewone mense nie kan kom nie. Vir FEBA begroot ons R1,300 per maand. INcontext International het verskeie programme wat hul loods. Ons ondersteun "Project Light the Way – North Africa" wat Moslembekeerlinge oplei om sendelinge onder hul eie mense te word. Begroting: R4,500/maand.

Love Chinese: reeds sedert 2017 druk die Here die verlorenheid van die Chinese in ons omgewing op die harte van 'n paar lidmate. Aktiewe uitreike na hulle het tot nou toe min belangstelling in die evangelie van Jesus Christus opgelewer. En tog: o.l.v. 'n sendeling wat baie lank in China werksaam was (Mandaryns magtig is!) en hom tans in Stilbaai bevind, vind daar weekliks 'n Bybelklas by die Chinese restaurant in Marshstraat plaas. Intussen word daar steeds by geleentheid na die ander Chinese uitgereik, al is dit net met 'n eetdingetjie. Ons begroot R2,500 per maand vir hierdie projek wat hoofsaaklik Etienne (sendeling) se brandstofkoste dek.

Die **Makhathini-vlakte** huisves 'n goedgevestigde gemeente in die noorde van KZN. Aan die einde van hierdie jaar gee ds. Louwrens van der Westhuizen die leisels oor aan ds. Lucky Kunene, 'n gemeentekind. Hierdie gemeente is 'n duidelike bewys van God se deurlopende werksaamheid! Ons ondersteuning: R500/maand.

Moss-Liefde is 'n uitreik oor ons gemeentegrense. Ons bedien die koshuiskinders van die Sao Bras hoërskool met naaldwerkklasse, Bybelstudie, kuns en die totstandkoming en onderhouding van 'n groentetuin. By Sonskynvallei se dagsorgsentrum lees ons vir die kleuters 1x per week stories. Vir hierdie projekte begroot ons R300 per maand.

Die **Nagskuiling** word maandeliks finansieel met R3,000 ondersteun.

'n Nuwe bedeling t.o.v. ons sendelinge tree in die nuwe finansiële jaar in werking. Tot nou toe het ons 5 **sendelinge** finansieel ondersteun. Twee van hulle het, wat die gemeente se beleid betref, aftreeouderdom bereik. Ons groet dus vir Nic en Tina Strydom en vir Johan en Esté de Nysschen (kyk op die ingevoegde bladsy). Vir die nuwe finansiële jaar verbind ons gemeente haar daartoe om die volgende sendelinge te ondersteun: Ina Steyn, Kobus van Zyl, Paul Ferreira, Petri Kleyn, Jacobus van Zyl, Israel Domingo en Danie van Niekerk.

Ina Steyn werk in Europa. Deur YWAM gee sy'n paar keer per jaar klas in verskeie Europese lande, maar haar hooffokus het verlede jaar verskuif na geestelike begeleiding met gelowiges wêreldwyd. Ons is sedert 1998 by Ina betrokke en ondersteun haar met R6,000 per maand.

Paul en Toni Ferreira (werksaam in Nepal) en sedert 2018 een van ons sendelinge. Hy is ook ons prediker vandag. (Kyk op ingevoegde bladsy). Vir Paul begroot ons vanjaar R4,000 per maand.

Kobus van Zyl het 'n **gebedsbediening** hier in Suid-Afrika, maar hy is ook al 20+ jaar betrokke by die opleiding van teologiese studente in **Suid-Soedan.** Ons gemeente is sedert 2005 in vennootskap met 3 ander gemeentes wat vir Kobus se basiese uitgawes sorg; vanjaar beloop dit R7,340. Ons begroot ook R12,000 vir vliegkaartjies na Suid-Soedan en R1,500 vir hom en sy gesin persoonlik.

Petri en Waldo Kleyn (Zambië) is gekoppel aan die Hope Church (George) se "The Zambia Project" wat gerig is op die Kwamashi, in Wes-Zambië. Hulle visie is "We Serve So Others May Live" en 1 Petr. 4:10 is hul motivering. Van hul projekte vir 2024 sluit in: Voedingsprogramme vir skoolkinders, versorging van kleintjies met spesiale behoeftes asook kinders wat ondervoed is. Daarmee saam: 'n dissipelskapsentrum vir kinders, en sportafrigting. Begroting vir Petri: R3,000 /maand.

Israel Domingo. "Our congregation, the Chimoio Congregation, is located in the small city of Chimoio, about 80 km to the border with Zimbabwe. It's a new congregation, and we are busy expanding our activities within and around the city, especially in the neighbourhoods. Our goal is to reach the borders of other congregations from Sofala and Tete provinces." Israel ontvang maandeliks R3,000.

Ons nuutste 2 sendelinge is:

Jacobus van Zyl het 'n duidelike roepstem ontvang om die Siriese vlugtelingkinders in die Bekaa-vallei in Libanon te bedien. Hy is tans tuis om